

POLICY 034/2016 RAADSBELEID

MUNICIPALITY DAWID KRUIPER MUNISIPALITEIT

SUBJECT/ONDERWERP: HANTERING VAN AANSOEKE OM TYDELIKE DRANKLISENSIES

REFERENCE/VERWYSING: 14.1.1.R

RESOLUTION NR/BESLUIT NO: 17.2/11/2016 (RV)

DATE/DATUM: 25 November 2016

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Die Raad beskik oor gemeenskapsfasiliteite wat vir 'n verskeidenheid van funksies deur lede van die gemeenskap gehuur kan word. Die fasiliteite beskik nie oor die nodige dranklisensies nie.

Tydlike dranklisensies kan deur die huurders bekom word om drank tydens die funksies daar te verkoop.

RIGLYNE

Die Noord-Kaapse Drankwet, 2008 [Wet 2 van 2008] maak in artikel 16(4) voorsiening vir die uitreiking van tydelike dranklisensies.

Tydlike dranklisensies word uitgereik in gevalle waar funksies nie op 'n persoon se eiendom nie, maar weg van sy eiendom, aangebied en drank tydens die funksie verkoop word. Indien die persone drank by so 'n funksie wil verkoop, moet daar dus in terme van die Noord-Kaapse Drankwet, 2008 [Wet 2 van 2008] om 'n tydelike dranklisensie aansoek gedoen word.

Die aansoek moet aan die Noord-Kaapse Drankraad gerig word en die Drankraad sal nie die lisensie goedkeur, tensy die Raad toestemming daarvoor verleen nie.

Die Raad verhuur die gemeenskapsfasiliteite aan die breë gemeenskap vir 'n verskeidenheid van funksies

Persone wat funksies by van **die** fasiliteite aanbied en drank tydens die funksie wil verkoop, moet by die Raad om toestemming aansoek doen.

PROSEDURE

1. Persone of organisasies wat drank tydens funksies by enige van die Raad se gemeenskapsfasiliteite wil verkoop, moet skriftelik daartoe aansoek doen.
2. Die aansoek moet aan die Regsafdeling gerig word.
3. Die Regsafdeling moet bevestiging kry dat die gemeenskapsfasiliteit deur die betrokke persoon/organisasie bespreek/gehuur is.
4. Na bevestiging van die bespreking/huur van die gemeenskapsfasiliteit verkry is, word die aansoek aan die Direkteur Korporatiewe Dienste vir oorweging voorgelê.
5. Die beslissing van die Direkteur Korporatiewe Dienste word skriftelik aan die aanseker oorgedra.
6. Indien die aansoek goedgekeur word, is dit onderhewig aan die nakoming van alle wetlike vereistes ten opsigte van die verkryging van die tydelike dranklisensie.

ROLLE

Direkteur Korporatiewe Dienste.
Bestuurder Parke.
Direktoraat Begroting & Tesourie.
Regsafdeling.

VERWANTE BELEID

Beleid Verhuring van Gemeenskapsale.
Benutting van Munisipale Sportgronde.
Sportvoorsiening binne die Munisipale Gebied.

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.